Dag 1

Memo

uuu uuu

v v

V V

vi vi

vu vu

vt vt

vr vr

vir vir

vuur vuur

vin vin

uuu uuu

* Voltooi elke reël tot die einde van die bladsy.

## Die maande van die jaar



**Januarie** is my maand.

Dis lekker warm – tot laat in die aand.

**Februarie** is tog so kort.



As jy weer sien – dan is hy vort.

**Maart** is 'n maand waarvan ek hou.

So tussen die son en die winterkou.



**April** begin al kouer word.

Die dae word nou regtig kort.

**Mei** trek ons jasse aan.

En wil nie graag na buite gaan.



**Junie** is die middel van die jaar.

Die eerste helfte is nou amper klaar.

**Julie** is 'n winter maand.

Reg vir die kaggel – en 'n pannekoek-aand.



**Augustus** is 'n reënmaand in die Kaap.

En die diertjies kan nog lekker slaap.

**September** bring die lente aan.

Dis tyd vir slapers om op te staan.



**Oktober** is die mooiste tyd.

Al die diertjies hou jolyt.

**November** is die somer hier.



Die son skyn neer op mens en dier.

**Desember** is die Kerstyd daar.

En sê ons dankie vir nog 'n jaar.

**Beantwoord die volgende vrae in volsinne:**

1. In watter maand kry kinders baie geskenke?

In Desember - kersfees OF Die maand wat hulle verjaar.

2. Sê in watter maand sit hulle lekker voor die voor? (vuur)

In Julie maand sit hulle voor die vuur.

3. In watter maand is dit lente?

September is dit lente.

4. Sê in watter maand is dit nie warm nie en ook nie koud nie.

Maart maand, so tussen die son en winterkou.

5. In watter maand reën dit baie?

Augustusmaand reën dit baie.

6. In watter maand is die dae vinnig verby?

Februarie maand is gou verby.

7. Wanneer is die dae baie kort?

In April is die dae baie kort.

8. In watter maand het die diertjies baie pret?

Oktober hou die diertjies jolyt.

9. Soek die meervoude in die gedig:

| | |
|---|---|
| dag | dae |
| maand | maande |
| jas | jasse |
| diertjie | diertjies |
| slaper | slapers |

10. In watter maand en seisoen verjaar jy?

Eie antwoord


# Woordsoorte: Voorsetsels

## Voorsetsels



'n Voorsetsel is 'n klein woordjie wat die posisie van 'n naamwoord aandui.

Bv. onder; langs; agter; voor; tussen; onder; regs van; links van; bo-op



Gebruik voorsetsels om die sinne te voltooi.

1. Ek sit op op stoel en skryf in my boek.
2. Die seun skop die bal oor die muur.
3. Die seun stap op die sypaadjie langs die straat.
4. Ek bêre my boek in my tas en sit my potlood op my tafel.
5. Die seun wat langs my sit skryf in sy boek.


(c) [illegible] (2020)